# Kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters

A. Grobbelaar[1] & E.H. Ryke
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe
Vakgroep Maatskaplike Werk
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
E-pos: amgrobbelaar@mweb.co.za
mwkehr@puk.ac.za

Abstract

The knowledge and learning needs of parents with toddlers

*Knowledge and insight regarding the child and his/her particular developmental phase improve the prospects of a successful parent-child relationship. This prerequisite is considered to be a proactive approach to parenthood. Proactive parents with the necessary insight and knowledge are more capable of anticipating the possible nature of their children's behavioural phases and seek ways and means to satisfy their children's needs in an appropriate manner. Parents are, however, often ignorant or confused regarding their children's behaviour. They may thus express the need for knowledge from a perspective that can be reconciled with their particular view of reality. This article reports on an investigation into the knowledge needs of Christian parents with toddlers. In order to reach this aim applied research was undertaken by means of the method of intervention research. Data collection was done through focus group interviews; subsquently these data were analysed by means of descriptive analysis as described by Tesch. The principles and topics identified as a result of the analysis are discussed and the article ends with conclusions regarding the possible design of a proactive parent guidance programme for Christian parents with toddlers.*

1 Me Grobbelaar is 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk.

Opsomming

Kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters

*Kennis en insig van die kind binne sy of haar ontwikkelingsfase verbeter ouers se kans op 'n positiewe ouer-kindverhouding. Hierdie voorvereistes word as 'n proaktiewe benadering tot ouerskap beskou. Proaktiewe ouers met die nodige kennis en insig is tot 'n meerdere mate in staat om die moontlike aard van die gedragsfases van hulle kinders te antisipeer en om na maniere te soek om op toepaslike wyse in hul kinders se behoeftes te voorsien. Ouers is egter meermale onkundig of verward oor hul kinders se gedrag en het 'n behoefte aan kennis vanuit 'n perspektief wat met hul werklikheidsvisie versoenbaar is. In hierdie artikel word verslag gedoen oor die bevindinge van 'n ondersoek na die kennis- en leerbehoeftes van Christenouers met kleuters. Vir hierdie doel is toegepaste navorsing deur middel van die intervensienavorsingsmetode onderneem. Data is met behulp van fokusgroeponderhoude byeengebring en ontleed deur middel van 'n beskrywende analise soos deur Tesch beskryf. Die beginsels en onderwerpe wat as 'n resultaat van die analise geïdentifiseer is, word bespreek en die artikel sluit af met gevolgtrekkings oor 'n moontlike toekomstige ontwerp van 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir Christenouers met kleuters.*

## 1. Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om te poog om die volgende vraag te beantwoord: Watter tipe kennis sal Christenouers in staat stel om ouerskap proaktief te kan benader? Eerstens word 'n perspektief gebied op kinderopvoeding en ouerbegeleiding. Daarna volg 'n verslag en bespreking van die bevindinge van 'n navorsingsproses wat gevolg is om die kennisbehoeftes van ouers met kleuters vas te stel. Teen die agtergrond van die perspektiefstelling word die artikel afgesluit met gevolgtrekkings oor 'n moontlike toekomstige ontwerp vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir Christenouers met kleuters.

## 2. Perspektief op ouerbegeleiding

Opvoeding is noodsaaklik vir kinders om te groei tot volwassenes wat hulle roeping tot diens van God en medemens vervul. De Witt en Booysen (1994:1-4) beklemtoon dat die ontwikkeling wat by 'n kind plaasvind, nooit op eie inisiatief tot volle ontplooiing gebring kan word nie – die kind het altyd die opvoeder se begeleiding nodig. Die opdrag tot kinderopvoeding berus in die eerste plek by die ouers, veral wat kleuteropvoeding betref. Reeds in die kleuterfase is ouers besig om hul kinders toe te rus en op die volwasse lewe voor te

berei. God, as absolute gesaghebber, is die bron van ouerlike gesag; ouerlike gesag daarenteen is feilbaar en nie absoluut nie. Tog het ouers die roeping en verpligting – teenoor God én medemens – om hul kinders te begelei tot verantwoorde gedrag. Indien ouers hul roeping tot kinderopvoeding op ’n verantwoordelike wyse wil vervul, benodig hulle, bo en behalwe hul roepingsbewustheid, kennis en toerusting vir die taak.

Ouers is nie volmaak is nie en maak foute. Opvoedingsfoute by roepingsbewuste ouers kan dikwels aan onkunde toegeskryf word. Richardson (2000:12) som dit só op: “We train pilots to fly planes. We train dentists to fill teeth. But who trains parents to raise children?” Pretorius en Le Roux (1998:387) maak die stelling dat opvoedingsfoute toegeskryf kan word aan die feit dat die opvoeder ontoereikend rekening hou met die volgende:

- die primêre behoeftes van die kind, en
- die natuurlike psigies-geestelike ontwikkelingsvlak van die kind.

Campbell (2000:5, 12) is van mening dat ouers wat voorafkennis en -begrip van kinders en hulle ontwikkelingstadia het, in ’n groter mate in staat is om ’n positiewe verhouding met die kind te vorm. Die toepassing van voorafkennis om jou kind se gedrag te verstaan en daarop te reageer, word as ’n proaktiewe benadering beskou. Proaktiewe ouers antisipeer hul kinders se gedrag dikwels intuïtief en soek maniere om aan die behoeftes van die kind te voldoen. Kennis van kinderopvoeding is egter nie neutraal nie en die aard daarvan word dikwels bepaal deur die normatiewe raamwerk van die samestellers van ouerbegeleidingsprogramme.

Sell (1995:273) stel dat daar drie Bybelgefundeerde doelwitte is ten opsigte van die opvoeding van ’n kind:

- *Eerbied vir God*. Een van die belangrikste doelwitte van kind grootmaak is om liefde vir God by die kind te ontwikkel.
- *Respek vir die self*. Ouers begelei die kind tot psigologiese welstand sodat die kind emosies soos die volgende kan ervaar: Ek is bekwaam en in staat tot sekere dinge; my gedrag kan ’n invloed hê op wat met my gebeur; ek kan ’n sinvolle bydrae lewer; daar is mense wat my nodig het.
- *Respek vir ander*. Opleiding ten opsigte van waardes gaan in ’n groot mate oor jou verhoudings met ander.

Sell (1995:273) is van mening dat indien enige van genoemde drie doelwitte agterweë gelaat word, ouerskap oneffektief en selfs skadelik kan wees. Dit is moontlik om eerbied vir God te hê, maar geen selfrespek of selfwaarde te besit nie, of dat 'n kind opgelei word tot selfliefde, maar geen respek het vir ander nie. Ouers moet gehelp word om die regte balans tussen hierdie drie aspekte te handhaaf.

## 3. Navorsingsmetode

In hierdie artikel word verslag gedoen oor die resultate van stap een (probleemanalise en projekbeplanning) en twee (die insameling van inligting en sintese) van intervensienavorsing (vgl. De Vos, 1998:11) wat onderneem is (Grobbelaar, 2003).

Tydens die probleemanalise- en projekbeplanningsfase is onderhoude gevoer met kliënte binne een van die outeurs se privaatpraktyk. Hierdie kliënte het onder andere die volgende verteenwoordigers ingesluit: ander professionele persone (soos die leraar van die plaaslike gemeente) en ook kollegas (maatskaplike werkers en sielkundiges) binne privaatpraktyk. Hierdie onderhoude het tussen Junie 2002 en November 2002 plaasgevind. Die onderhoude was aanvanklik informeel en ongestruktureerd, maar het die behoefte aan 'n ouerbegeleidingsprogram bevestig.

Fokusgroepe (De Vos, 1998:316) is vir die formele byeenbring van data gebruik. Die keuse vir deelnemers aan die fokusgroepe is deur die doel van die studie bepaal. Die insluitingskriteria vir deelname was die volgende:

- Afrikaanssprekende middel- tot hoëklas-Christenouers
- Ouers (die moeder of vader of albei ouers) met kinders in die kleuterfase (2-6 jaar, en sonder spesiale behoefte), of persone wat op grond van hulle professionele hoedanigheid by kinders in die kleuterfase betrokke is.

In totaal was daar 18 deelnemers, waarvan ses manlik en twaalf vroulik was. Vier van die deelnemers was in die ouderdomsgroep 40-49 jaar en veertien in die groep 30-39 jaar. Al die respondente was getroud (eerste huwelike) en vier egpare was deel van die groep. Die vier respondente wat in die ouderdomsgroep 40-49 jaar geval het, se kinders is nie meer in die kleuterfase nie. Hulle was deel van die fokusgroep as verteenwoordigers van persone wat met kinders in die kleuterfase werksaam was. Een is 'n speelgroeponderwyseres, een 'n opvoedkundige sielkundige en die ander twee

is maatskaplike werkers in privaatpraktyk. Die veertien deelnemers in die ouderdomsgroep 30-39 jaar het almal kinders in die kleuterfase en het gemiddeld twee kinders per gesin. Van hierdie veertien respondente is slegs twee nie buitenshuis werksaam nie. Al veertien het nagraadse opleiding voltooi. In die lig van die hoë voorkoms van egskeiding (selfs in Christen-gesinne) is ’n belangrike leemte van die studie dus dat geen enkelouer- of hersaamgestelde gesinne betrek is nie. Hierdie besondere gesinsamestellings se unieke behoeftes is gevolglik nie verreken nie.

’n Enkele kernvraag is aan die fokusgroepe gestel, naamlik: As u die ideale proaktiewe ouerbegeleidingsprogram kon saamstel vir ouers met kleuters van 2-6 jaar, watter onderwerpe of inligting sou u in so ’n program wou sien? Die inligting is daarna deur Tesch (Poggenpoel, 1998:343) se agtstapbenadering verwerk, tesame met ’n medekodeerder wat die analise geverifieer het.

Ten einde duplisering uit te skakel en te bepaal wat reeds in die verband van ouerleiding gedoen is, is die funksionele elemente van ander ouerbegeleidingsprogramme ondersoek. Drie bestaande ouerbegeleidingsprogramme, wat die mees algemene en bekende programme in Suid-Afrika is, is vir analise geselekteer, naamlik:

- PET (Doeltreffende ouerskapsopleiding) – Thomas Gordon (1975).
- POSPAR (’n Positiewe ouerskapprogram) – Nel, Marais en Simpson (2000).
- STEP (Systematic Training for Effective Parenting) – Dinkmeyer en McKay (1976).

## 4. Navorsingsresultate

Die resultate van die data-analise het nege katagorieë, sommige met subkategorieë, opgelewer en word in Tabel 1 weergegee. Die resultate, aangevul deur ’n kontrole uit tersaaklike vakliteratuur, volg.

## Tabel 1: Resultate oor ouers se kennis- en leerbehoeftes

| |
|---|
| Dissipline<br>• Ouers se reg om dissipline toe te pas<br>• Metodes vir die toepassing van dissipline |
| Kinders se ontwikkelingsfases<br>• Kennis van die verskillende ontwikkelingsfases<br>• Die kleuter se morele ontwikkeling<br>• Die kleuter se emosionele ontwikkeling |
| ’n Bybelgefundeerde perspektief op kinderopvoeding |
| Ouers se betrokkenheid by kinderspel<br>• Noodsaaklikheid van kinderspel<br>• Tyd vir speel met jou kind |
| Die uniekheid van elke kind |
| Konflik en kommunikasie<br>• Konflikhantering<br>• Positiewe kommunikasie |
| Ouerskapstyle |
| Kinders en my huwelik<br>• Balans tussen die huwelik en ouerskap<br>• Impak van die huweliksverhouding op kinders |
| Aspekte wat individue se ouerskp negatief kan beïnvloed |

### 4.1 Dissipline

- **Ouers se reg om dissipline toe te pas**

Ouers opper dikwels die gedagte dat dissipline vir hulle as ouers ’n probleem is. Die vraag hoe om ‘n kind sonder skuldgevoelens en vrees te dissiplineer, het in die groep heelwat bespreking ontlok. Sell (1995:272) meld dat baie ouers worstel met die volgende vraag: Het ek werklik die reg om my gesag teenoor my kind te laat geld? Baie ouers worstel met skuldgevoelens as dit by die toepassing van dissipline kom, want volgens hulle is dissipline gelyk aan die wys

van misnoeë. Gevolglik het ouers die vrees dat die toepassing van dissipline die kind se innerlike sal wond en die kind verwerp sal laat voel. Ouers se twyfel oor hul ouerlike gesag kan verklaar word op grond van die houdingsverandering teenoor ouerskap gedurende die afgelope dekades. Die houding teenoor ouerskap het naamlik radikaal verander van die een punt van die kontinuum (oppressie en rigiditeit) na die ander punt van die kontinuum (permissiwiteit) (Dobson, 2002:237).

Thomas Gordon, skrywer van PET (Parent Effectiveness Training) is byvoorbeeld van mening dat ouers hul gesag/mag oor kinders moet prysgee. Volgens hom is ouerlike gesag destruktief en hy glo dat elkeen in enige situasie ’n “wenner” kan wees deur gesprekvoering en die bereik van ’n kompromie. Hierdie benaderingswyse wat Gordon voorstel, is moontlik die ideaal, maar nie altyd realisties nie – veral as in ag geneem word dat die kind in die kleuterfase baie egosentries is en waarskynlik nie so geneë sal wees om ’n kompromie aan te gaan nie. As outeurs sluit ons aan by Sell (1995:264) se perspektief op ouerlike gesag: “ … while growing up, the child is to be taught to respect parental authority within God’s order”.

- **Metodes vir die toepassing van dissipline**

Gepaardgaande met ouers se twyfel oor hulle gesag, bevestig hulle dat hulle nie weet hoe (met watter metode) om hul kleuters te dissiplineer nie. Dit blyk dat hulle onkunde verband hou met hul onsekerheid oor die rol van straf in dissipline. Die STEP- en POSPAR-benaderings bied heelwat inligting oor dissipline soos logiese gevolge, uitsit-tyd en positiewe gevolge, maar verwys negatief na straf as ’n manier van dissiplinering.

’n Deel van die verwarring oor die kwessie van dissipline spruit uit ’n wanbalans in een van die vele aspekte van dissipline en/of die verkeerde verstaan van die betekenis van dissipline. Ezzo (1999:103) wys daarop dat die woord “dissipline” dikwels verkeerd verstaan word. Ouers is van mening dat dissipline primêr met straf te doen het. Hierdie misverstand oor die betekenis en doel van dissipline het baie ouers verwar en selfs laat afsien van dissipline. Dissipline is egter nie ’n aksie wat uitgevoer word gedurende die regstel van ’n gedragsuiting nie – dissipline impliseer veel eerder ’n voortdurende verhouding tussen ouers en hul kind.

Dit is duidelik dat daar selfs in die teorieë en in populêre literatuur verskille oor dissipline en die ouers se rol in die toepassing van gesag en dissipline bestaan. Hierdie verskille bied ’n moontlike

verklaring vir ouers se onsekerheid oor wat van hulle verwag word en wat die regte ding is om te doen. Breë algemene riglyne oor aspekte van dissipline, die voor- en nadele van verskillende vorme van dissipline en die gesag van die ouer behoort groter sekerheid in die hand te werk. Hierdie inligting kan ouers help om voorbereid te wees vir hulle dissiplineringsrol – aangesien ouers se konsekwente wyse van dissiplinering as belangrik vir die kind se volwassewording geag word.

## 4.2 Ontwikkelingsfases

- **Kennis van kinders se verskillende ontwikkelingsfases**

Op grond van die ondersoek wat onderneem is, het dit duidelik na vore gekom dat ouers ervaar dat hulle nie genoeg begrip en kennis van hul kinders se verskillende ontwikkelingsfases het nie. Hierdie kennis is veral vir hulle belangrik om bewus te wees van watter gedragspatrone hulle van hul kinders kan verwag, hoe om ook die potensiële probleemgedrag van elke fase te kan identifiseer en hoe om dit dan te hanteer. Ouers maak stellings soos byvoorbeeld: Ek wil my kind se ontwikkelingsfases verstaan sodat ek nie te hoë verwagtinge stel nie. Sommige ouers meld dat die oorgang van die babastadium (wanneer die kind afhanklik is en nie kan terugpraat nie) na die kleuterfase (wanneer die kind alles ontdek en toets) oorweldigend is en dat hulle van mening is dat hulle as ouers nie genoeg verstaan van hul kleuter om 'n sinvolle verhouding daar te stel en te versterk nie.

Die tempo van 'n kind se ontwikkeling is die hoogste gedurende die eerste vyf tot ses lewensjare. Benewens hierdie feit word daar ook gemeen dat die beïnvloedbaarheid van die kind se ontwikkeling (positief of negatief) juis gedurende hierdie tydperk die grootste is (De Witt & Booysen, 1994:1). Ouers wat onkundig is oor ontwikkelingsaspekte van die kind, loop die gevaar om te verval in skuldgevoelens en 'n gevoel van mislukking in hul opvoedingstaak (Louw, Van Ede & Louw, 2003:238).

Met die bestudering van ouerbegeleidingsprogramme soos POS-PAR, STEP en PET kom dit na vore dat inligting oor die ontwikkeling van die kind nie genoegsaam aangeraak word nie. Ontwikkeling word soms in die breë aangeraak, maar gewoonlik sonder enige spesifieke verwysing na byvoorbeeld die kleuterfase. Hierdie gebrek aan teoretiese kennis oor die ontwikkeling van die kind, asook die gepaardgaande ontwikkelingstake in hierdie programme, kan as 'n leemte beskou word. Ouers is bewus van die kind se verskillende ontwikkelingsfases, maar ervaar dat hulle nie oor genoeg kennis

beskik van elke fase of van die hantering van die kind in die betrokke fases nie. In die samestelling van ’n nuwe ouer-begeleidingsprogram sou dit van waarde wees om die program te laat fokus op ’n spesifieke ontwikkelingsfase, soos die kleuterfase.

- **Die kleuter se morele ontwikkeling**

Die deelnemers was van mening dat ouers onder invloed van die sekulêre wêreld ’n sterk behoefte het aan definitiewe inligting oor hul kleuter se morele ontwikkeling. Aspekte wat in hierdie opsig na vore gekom het, was vrae soos die volgende: Hoe leer ek my kind om respek vir ander te hê? Hoe lei ek my kind tot selfstandigheid binne ons waardestelsel? Hierdie vrae fokus op die karakterontwikkeling van die kleuter en hoe om die kennis waaroor ’n ouer beskik – dit wat ek weet ek aan my kind moet oordra – prakties te kan implementeer. Die STEP-, POSPAR- en PET-programme hanteer morele kwessies soos respek vir ander, selfstandigwording en wangedrag.

- **Die kleuter se emosionele ontwikkeling**

Ouers besef dat kinders sekere behoeftes het waaraan hulle as ouers moet voldoen en dat hierdie behoeftes meer as fisiese versorging behels. Hulle is egter van mening dat hulle nie oor voldoende kennis beskik oor hoe om daaraan te voldoen nie. Ouers het ‘n behoefte daaraan om ’n liefdevolle en positiewe verhouding met hul kinders daar te stel. Die bekende gesegde “buig die boompie solank hy jonk is” is volgens hierdie ouers ’n realiteit. Hulle is diep onder die indruk dat hulle later die wrange vrugte sal pluk indien hulle nou foute maak met die opvoeding van hul kleuters. Ouers noem dat hulle ’n behoefte het aan kennis aangaande hul kind se emosionele behoeftes. Emosionele behoeftes geniet relatief min aandag in die POSPAR- en PET-programme. Daar word wel na onder andere sinvolle kommunikasie, gehaltetyd en positiewe probleemoplossing verwys as noodsaaklike voorvereistes vir sinvolle ouer-kind-verhoudinge. In die STEP-program geniet basiese behoeftes ten opsigte van sekuriteit, erkenning en aanvaarding, asook die behoefte aan selfaktualisering en selftransendensie wel aandag.

## 4.3 ’n Bybelgefundeerde perspektief

Ouers het ’n spesifieke behoefte aan leiding oor die wyse waarop hulle hul kleuters binne Bybelgefundeerde waardes kan onderrig. Vrae wat gevra word, sluit onder meer die volgende in: Hoe maak ek my kinders groot met Christelike waardes? Hoe help ek my kinders

in hul verhouding met God? Hoe begelei ons ons kinders in die aanleer van morele waardes?

Dit het duidelik na vore gekom dat ouers ’n behoefte het aan ’n ouerbegeleidingsprogram met ’n Christelike, of Bybelgefundeerde, grondslag. STEP, POSPAR en PET hanteer morele kwessies, maar nie vanuit ’n godsdienstige perspektief nie. Dit is belangrik dat ’n ouerbegeleidingsprogram praktiese hulp aan ouers sal bied ten opsigte van die kind se geestelike groei in die betrokke ontwikkelingsfase. Ouers behoort byvoorbeeld te weet wat die kleuter kan verstaan en begryp van die Christelike geloof. Dit sal ouers in staat stel om meer ouderdomsgerig en dus meer effektief, met hul kinders te handel waar geloof ter sprake is.

Ouers kom al meer onder die besef dat die verantwoordelikheid om hul kinders binne die Bybelse waarhede te onderrig, grootliks by die ouers self lê. Die ouers wat by hierdie ondersoek betrek is, skyn ’n definitiewe behoefte te hê aan leiding in hierdie verband. Dit sal dus ’n ouerbegeleidingsprogram se toepassingswaarde verhoog indien dit ook ’n godsdienstige grondslag insluit.

### 4.4 Ouers se betrokkenheid by kinderspel

- **Die noodsaaklikheid van kinderspel**

Vrae soos die volgende het baie bespreking by die fokusgroeplede ontlok: Is dit regtig nodig om met jou kind te speel? Wat en hoe moet ons met ons kinders speel? Hierdie tipe opmerkings wys op die realiteit dat ouers meer begrip en kennis benodig ten opsigte van die rol van spel in kinderopvoeding en -ontwikkeling.

Kinders het die ondersteuning en begeleiding van ouers nodig om optimaal te ontwikkel. Spel is een manier waarop ouers hul kinders hierin kan help. Kinders kommunikeer deur spel, gee van hulself, vergeet hulself in spel, gee al spelende uitdrukking aan hoe hul voel en wat hul dink. Kinderspel bied daarom ’n natuurlike, maar ook ’n unieke ruimte waarbinne die ouers hul kinders kan ontmoet. So ’n ontmoeting met die kinders op hul vlak dien as voorloper vir kommunikasie. Vir kinders dien dit as bevestiging dat ouers omgee. Die feit dat ouers tyd afstaan aan spel, sê vir die kinders hulle is belangrik. Sodoende word ’n vertrouensverhouding gebou (Smith, 1990:7, 16).

- **Tyd vir speel met jou kleuter**

Op grond van die bespreking in die fokusgroepe skyn dit asof ouers oorweldig raak deur hulle lewensrealiteite. Hulle vra dus dikwels:

Waar moet ek die tyd kry om te speel? Die meeste moeders werk en beklee dus verskeie rolle. Ouers voel dikwels dat hulle nie oor tyd en energie beskik nie. Inisiatief is ’n ander aspek wat ter sprake gekom het gedurende die fokusgroepbesprekings. Weens ’n gebrek aan tyd en energie het ouers letterlik nie die vermoë om speletjies uit te dink nie. POSPAR bied ’n sinvolle module aan oor gehaltetyd. Hierdie inligting is egter nie spesifiek op die kleuterfase gerig nie. PET en STEP fokus nie spesifiek op kinderspel nie. Die fokus is meer op kommunikasie en die bou van ’n verhouding tussen ouers en kind deur middel van doeltreffende kommunikasie en probleemhantering.

### 4.5 Die uniekheid van elke kind

Die ouers wat deel gevorm het van die toetsgroep, het aangedui dat hulle meer inligting oor hul kinders se temperamente verlang, met ander woorde elke kind se eie unieke identiteit, persoonlikheid of geaardheid. Tydens die bespreking het ouers gemeld dat hulle van mening is dat kennis in verband met hul kinders se verskillende temperamente hulle as ouers in staat stel om elke kind beter te verstaan. Dit het duidelik geblyk dat die meeste ouers al gehoor het van temperamente en bewus is dat elke kind ’n unieke mens is. Ouers se behoefte aan meer direkte inligting en leiding in die hantering van die verskillende temperamente wat in ’n gesin kan voorkom, word deur tersaaklike vakliteratuur bevestig. Met kennis van jou kinders se sterk en swak punte in hulle unieke persoonlikheidsamestelling kan ouers van metodes en hulpmiddels gebruik maak wat pas by elke kind se eiesoortige persoonlikheid en leerstylbehoeftes (Trent, 2000:109). ’n Kombinasie van goeie ouerskap en begrip van die kind se temperament sal die kind help om optimaal te ontwikkel (Berk, 1997:404).

Dit is baie duidelik dat temperament baie aandag geniet in toepaslike vakliteratuur. Die meeste skrywers is dit eens dat kennis en begrip van jou kind se temperament ’n belangrike aspek van die ouer-kindverhouding is. Met hierdie kennis kan die ouer die kind dus meer ondersteun en met begrip hanteer. Dit is egter belangrik dat in ’n ouerbegeleidingsprogram nie eensydig op die verskillende eienskappe van elke soort temperament gekonsentreer word nie. Kinders se temperamente is nie ’n verskoning vir wangedrag of etikettering nie. Dit is belangrik dat ouers kennis van temperament dra, maar dit is net so belangrik om te weet dat niks absoluut is nie. Ouers het steeds ’n verantwoordelikheid om elke kind, ongeag temperament, te help ontwikkel tot sy/haar volle menswees.

Temperamente of die uniekheid van elke kind word nie pertinent in POSPAR, PET of STEP hanteer nie. Daar word wel in die besprekings van sommige onderwerpe kortliks na die uniekheid van kinders verwys en dat ouers daarvan bewus moet wees. In ouerskap is dit belangrik dat die ouer elke kind se unieke temperament of styl sal ontdek om elke kind sodoende te help om binne sy/haar unieke styl tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Ouers wat daarna strewe om in ’n betekenisvolle verhouding met hul kinders te staan, het begrip en kennis van hoe hul kind se temperament saamgestel is. Dit is daarom sinvol om ouers omtrent hierdie onderwerp in ’n ouerbegeleidingsprogram in te lig.

### 4.6 Konflik en kommunikasie

- **Konflikhantering**

Konflik is ’n realiteit in elke gesin. Konflik is deur die meeste ouers in die fokusgroepe genoem as die een konstante faktor wat feitlik elke dag in hul huise teenwoordig is. Ouers het opgemerk dat hulle as volwassenes baie skuldgevoelens oor konflik ervaar. Hulle het byvoorbeeld gewonder of hulle voor die kinders mag reageer op konfliksituasies of nie. ’n Verdere kwessie was veral gerig op kleuters se konflik met sibbe in die huis en hoe om dit te hanteer. Ook die volgende vraag het na vore gekom: Hoe vermy ons ’n magstryd tussen ons as ouers, én met ons kleuter.

Konflik kom in alle verhoudings voor – ook in die huwelik. Kinders behoort gehelp te word om te besef dat konflik óf reg óf verkeerd hanteer kan word. Ouers staan in ’n aktiewe rol om hul kinders leiding te gee oor konflikhantering (Herholdt,1991:111; Trent, 2000:-371 en 422).

- **Positiewe kommunikasie**

Op grond van die bespreking in die fokusgroep het dit duidelik geword dat meer energie bestee word aan konflik, probleem-oplossing en krisishantering as aan die bou en vestig van positiewe kommunikasie tussen ouer en kind. Die kwessie van tyd en energie het herhaaldelik ter sprake gekom, tesame met die besef dat ouers dikwels nie die energie het om geduldig, bemoedigend en positief met hul kinders te kommunikeer nie. Sowel POSPAR as PET bied uitstekende inligting oor aspekte van kommunikasie. Dié inligting is volledig en omvattend, veral in PET. Die inligting word egter weereens in die algemeen gebied – dit fokus dus nie spesifiek op die kleuterfase nie. In ’n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram sou

dit nodig wees om ouers in te lig oor kommunikasie wat gerig is op die spesifieke fase waarin die kind verkeer.

Die positiewe betrokkenheid van ouers by hulle kind dui op die verwerkliking van intensiewe, positiewe kommunikasie. Ouers wat positief kommunikeer met hulle kind, vestig 'n warm, emosionele nabyheid van 'n ek-jy-verhouding tussen ouer en kind (Pretorius & Le Roux, 1998:65). Kommunikasie is ten diepste daardie verlange na verbondenheid en eenheid. Die hele bedoeling van gesinskommunikasie is immers die skep van 'n positiewe atmosfeer wat geborgenheid bied en wedersydse vertroue bevorder. Daar word baie geskryf oor hoe om te kommunikeer en konflik te hanteer. Dit is wel nodig om ouers te help verstaan *hoe* om met die kleuter te kommunikeer en *hoe* om konflik te hanteer.

## 4.7 Ouerskapstyle

Ouerskapstyle blyk 'n belangrike onderwerp vir ouers in ouerbegeleiding te wees. Tydens die fokusgroep se bespreking het dit na vore gekom dat kennis van die aard van elke ouer se ouerskapstyl die ouers help om konflik tussen hulle vanweë persoonlike stylverskille te verminder. 'n Verdere punt wat geopper is, is dat kennis van die aard van ouerskapstyle die ouers ook konfronteer met hul eie tekortkominge en die gevolge daarvan vir hul kinders. Dit stel die ouers in staat om keuses te maak oor hulle gedrag. Die ouers het ook opgemerk dat hulle nie die foute wat met hulle gemaak is toe hulle kinders was, wil herhaal nie.

Ouers se lewe is 'n belangrike voorbeeld vir hul kinders. Woorde en dade wat ooreenstem, is die enigste ouerskapstyl wat werk, maar dit impliseer nie volmaaktheid nie (Trent, 2000:45). Hierdie is 'n belangrike stelling waarvan ouers kennis moet neem. Ouers kan maklik skuldig voel en vasgevang raak in hulle strewe na goeie ouerskap indien hulle van mening is dat hulle nie die regte ouerskapstyl het nie. Ouerskapstyle help ouers om tekortkominge in hul ouerskaprol te identifiseer en hierdie tekortkominge te vervang met konstruktiewe, positiewe eienskappe. Die POSPAR-, STEP- en PET-programme gee al drie breedvoerig aandag aan ouerskapstyle. Vanuit die fokusgroep se respons blyk dit steeds 'n belangrike onderwerp vir 'n begeleidingsprogram te wees. Die rede daarvoor sou kon wees dat dit nie so eenvoudig is om gedrag te verander nie – nie eers by 'n ouer wat graag sy/haar gedrag/styl wil verander nie. Verskeie aspekte speel 'n rol daarin, byvoorbeeld die ouer se temperament, ervaring, persoonlikheid en huidige realiteite.

## 4.8 Kinders en my huwelik

- **Balans tussen die huwelik en ouerskap**

Tydens die besprekingsessies van die fokusgroep is die volgende vraag ook geopper: Hoe oorleef ons huwelik – ten spyte van ons kinders? Die ervaring, veral in die kleuterfase, dat die huweliksverhouding vir eers tweede viool speel, is deeglik bespreek. Ouers het onder andere dié vraag gevra: Hoe handhaaf ons die balans tussen ouerskap en huwelik? Hierdie ouers verbaliseer die druk wat hulle op hul huwelik ervaar vanweë die teenwoordigheid van kleuters in die gesin. Baie ouers tree egter op asof die huwelikseenheid slegs ’n voorafgaande verhouding tot gesinsvorming is, in plaas daarvan om huwelikseenheid te sien as ’n voortdurende prioriteitsverhouding regdeur die kinderopvoedingsjare. Dit gebeur dat ouers hul eerste liefde – mekaar – los en omvattend op hul kinders begin fokus. Alhoewel hierdie fokusverskuiwing alles in die naam van goeie ouerskap gebeur, is dit ’n tree in die rigting van die verbrokkeling van gesinsverhoudinge (Ezzo, 1999:32).

Dit is belangrik dat ouers die balans tussen ouerskap en huwelik sal handhaaf. Skrywers is dit eens dat die huwelik ’n belangrike rol speel in die ouer-kindverhouding sowel as die kind se volwassewording. Dit sou daarom sinvol wees om wel in ’n ouerbegeleidingsprogram tyd af te staan aan kwessies wat die huwelik raak. Die huweliksverhouding as ’n onderwerp in ouerbegeleidingsprogramme word nie in POSPAR, PET en STEP hanteer nie. Die belangrikheid van kommunikasie en konflikhantering binne die huwelik ten opsigte van die modellering van gedrag en as voorbeeld vir die kinders word wel genoem. Die insluiting van programinhoud oor die wedersydse belang van kinders en die huwelik in ’n ouerbegeleidingsprogram blyk dus nodig te wees.

- **Impak van die huweliksverhouding op kleuters**

Verdere vraag waarop tydens die fokusgroepbesprekings gefokus is, was: Wat is die impak van ons huweliksverhouding op ons kinders? Die huweliksverhouding van die ouers is ’n belangrike beïnvloedende faktor in hulle kinders se lewe. Indien die ouers voortdurend in destruktiewe konflik verval, raak dit die kind se diepste sekuriteitsbasis en tree onsekerheid by die kind na vore (Potgieter, 2001:22). Die huwelikslewe as basis van die gesin behoort tans meer as ooit gebou te word op onderlinge liefde en respek tussen man en vrou. Dit is slegs in ’n gesinsmilieu waar ’n stabiele huweliksverhouding heers dat die kind die geborgenheid beleef om te ontwikkel tot ’n volwaardige volwassene. Die

huweliksverhouding van ouers is dié medebepalende faktor vir die verhouding van elke ouer met elke kind, asook vir die onderlinge verhoudinge van kinders in die gesin (Pretorius & Le Roux, 1998: 397).

### 4.9 Aspekte wat individue se ouerskap negatief kan beïnvloed

Tydens die gesprekke van die fokusgroepe is opmerkings gemaak wat dui op die bewustheid by individue dat daar aspekte in elkeen teenwoordig kan wees wat 'n negatiewe invloed kan hê op hul ouerskap. Hoewel hierdie aspekte nie genoem is met die beantwoording van die kernvraag nie, het dit wel deurlopend tydens die bespreking na vore gekom. Die outeurs van hierdie artikel is van mening dat hierdie knelpunte wel deel van die ouerbegeleidingsprogram moet wees. Aspekte wat telkens gemeld is, was die kwessie van elkeen se "verlede" en "hoe ek grootgeword het". Ook is daar verskeie kere verwys na "slegte ervaringe van die verlede wat vandag nog 'n invloed het op my". Daar is ook verwys na die realiteit van "geestelike onvolwassenheid" en dat dit 'n aspek is waaraan ouers behoort te werk.

Fasette soos die ouers se onverwerkte trauma en hul gesinne van herkoms maak nie deel uit van die ouerbegeleidingsprogramme POSPAR, PET en STEP nie. Die sinvolheid daarvan om hierdie onderwerpe wel deel te maak van 'n proaktiewe ouerbegeleidingsprogram, sal geëvalueer moet word.

## 5. Bespreking

Op grond van tersaaklike vakliteratuur, ouers se eie kommentaar in die fokusgroepe, kliënte in die praktyk en ander professionele persone se menings en ervarings van ouerskap, blyk dit duidelik dat ouerskap kompleks en dinamies is. Louw (1989:94) som ouerskap soos volg op:

> Ouerskap is 'n gelaaide term wat baie meer behels as die voortbring van 'n kind … 'n Mens is eintlik ten diepste nie 'n ouer omdat jy biologies of fisiologies gesproke daarin geslaag het om 'n kind te verwek nie. Die geleentheid van ouerskap, en die profilering van hierdie verantwoordelikheid, tree eintlik eers na vore in die kwaliteit van die ouer se begeleiding van die kind tot volwassenheid. Die kernvraag in ouerskap is nie of ek 'n kind in die wêreld kan bring nie, maar of ek 'n kind in hierdie wêreld so kan versorg en begelei dat hy/sy tot 'n volwaardige volwasse mens kan ontwikkel.

Hierdie aanhaling omskryf 'n deel van die motivering wat aanleiding gegee het tot hierdie studie. Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders binne hierdie wêreld te begelei tot volwaardige volwassenheid. Sell (1995:280) is van mening dat die inligting oor die ontwikkelingsfases van kinders meer toeganklik vir ouers gemaak moet word (byvoorbeeld deur middel van kursusse), aangesien interaksie tussen ouers en kinders gebaseer word op begrip vir mekaar. Hy waarsku dat 'n ouer wat oningelig is oor die ontwikkelingsfase waarin kinders verkeer, die kind se gretigheid/lus vir die lewe kan ondermyn met onregverdige hantering. Neuman (1998:40) meld dat elke ouer die een of ander tyd bekommerd raak oor 'n kind se gedrag. Daarom is dit belangrik om te kan identifiseer of 'n bepaalde negatiewe gedragswyse tipiese gedrag binne 'n bepaalde ontwikkelingsfase is. 'n Begrip van watter gedrag normaal binne 'n bepaalde ontwikkelingsfase is, bied aan ouers die vermoë om te onderskei tussen ware probleemgedrag en gedrag wat binne normale perke is. Aan die hand van hierdie kennis kan ouers dan hulle reaksie en dissiplinering aanpas.

Die ouers wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, was dit eens dat die teoretiese fundering van 'n ouerbegeleidingsprogram verkieslik religieus moet wees. Dit het sterk na vore gekom dat die humanistiese vertrekpunte van sommige ander ouerbegeleidings-programme en ook artikels in populêre tydskrifte nie meer vir hierdie groep ouers aanvaarbaar is nie. Ouers wil krities kyk na inligting en dit nie sonder meer aanvaar nie. Christenouers besef dat hulle 'n al groter verantwoordelikheid in hul ouerskaprol het aangesien die gesin die waardes, houdinge, gesindhede en styl reflekteer van dit waarin geglo word. Daar is bepaalde konflikareas waaroor ouers heelwat vrae gehad het, naamlik die kwessie van die gesag van die ouer teenoor die kind. Ouers het 'n behoefte om Bybelse waarhede in konteks te verstaan rondom kwessies soos ouerlike gesag.

Ouers is bewus van die effek en andersheid van sogenaamde eerstewêreldgesinne. Louw (1989:13) wys daarop dat die gejaagde lewenspatroon uitwasse soos stres en spanning voortbring. Die samelewing word meer konflikbelaai en konflik en spanning word op die gesin oorgedra. Hierdie realiteit, tesame met die feit dat die meeste vroue ook die arbeidsmag betree en dus nie tuis bly by die kinders nie, veroorsaak dat die verantwoordelikheidslas van ouerskap op albei ouers nóg groter is. Dit het duidelik in die fokusgroepgesprekke geblyk dat ouers die begeerte het om goeie ouers te wees te midde van hul lewensrealiteite, maar dat hulle gebrek aan energie en tyd dit bemoeilik. Dit kom dus voor asof ouers 'n tydprobleem het wat dui op ouerlike uitbranding. In 'n ouer-

begeleidingsprogram sal ouers eers geleer moet word om hul tyd te bestuur en hoe om persoonlike uitbranding te voorkom. Dan is praktiese riglyne oor byvoorbeeld hoe, wat en wanneer om met jou kind te kommunikeer, ook belangrik.

Meer algemene en bekende onderwerpe soos kommunikasie, konflikhantering, ouerskapstyle en dissipline is ook deur hierdie ondersoekgroep as 'n behoefte beskou. Die fokusgroepe het bevestig dat hulle oor hierdie onderwerpe leiding benodig. Wat wel belangrik is, is die beginsel dat dissipline, ouerskapstyle, kommunikasie en konflikhantering van ouers geleidelik verander soos wat die kind ouer word. Ouers wil graag ingelig wees oor die aanpassings wat in elke ontwikkelingsfase van die kind gemaak moet word. Ouers gaan byvoorbeeld nie dieselfde vorm van dissipline handhaaf teenoor 'n kleuter en teenoor 'n tiener nie. Ouers moet kan aanpas by die ontwikkelingsfase van hul kind – nie om die waardes, norme en standaarde van die betrokke gesin te verlaag om die kind te akkommodeer nie, maar om die kind binne elke fase op 'n liefdevolle manier tot by die gesin se gestelde standaard te bring.

Die ondersoek het uitgewys dat ouers besef dat goeie ouerskap by hulle as individue begin. Ouers in die fokusgroepe het daarna verwys dat hulle nodig het om emosioneel volwasse te wees. Dit impliseer dat onverwerkte trauma of gebeure in die ouers se lewens geïdentifiseer en hanteer moet word. Kitching (2000:18) beklemtoon die belangrikheid van ouers se selfkennis, ook van hulle verlede. Almal het 'n eie geskiedenis wat nie noodwendig mooi of gelukkig is nie, maar dit is belangrik om daarmee vrede te maak, anders kan dit die gehalte van ons menswees negatief beïnvloed en ons verhouding met ons kinders op 'n baie subtiele manier raak. Hoewel die doel van 'n ouerbegeleidingsprogram nie terapeuties van aard is nie, is ons van mening dat die aspek van die ouer se voorgeskiedenis aangeraak behoort te word. In die verhouding tussen ouer en kind kan daar baie stimuli wees wat negatiewe herinneringe by die ouer kan oproep. Die risiko bestaan dat hierdie herinneringe oorgedra kan word na die huidige verhouding. Sulke gebeure kan die ouer met skuldgevoelens en gevoelens van minderwaardigheid belas.

Die doel van hierdie ondersoek was nie om die STEP, PET en POSPAR te evalueer nie. Hierdie programme is slegs gebruik om vas te stel of daar ander unieke behoeftes by ouers met kleuters bestaan wat nie deur hierdie programme betrek word nie. Die STEP- en PET-programme is ook al ietwat verouderd en sekere onderwerpe word glad nie aangeraak nie. 'n Belangrike verskil wat

wel ter sprake is, is die feit dat nie een van genoemde programme ’n definitiewe uitspraak gee oor ’n Christelike perspektief as onderbou nie, terwyl hierdie ondersoek dui op ’n definitiewe behoefte aan ’n program vanuit ’n Christelike perspektief. ’n Verdere behoefte is ’n begeleidingsprogram wat op ’n spesifieke ontwikkelingsfase van die kind fokus, naamlik die kleuterfase.

## 6. Gevolgtrekking

Die ouers in die ondersoekgroep het ’n roepingsbewustheid en innerlike begeerte geopenbaar om suksesvol te wees in hul ouerskapsrol. Die realiteite van die samelewing en omgewing stel egter eise wat ouers as oorweldigend beleef sodat suksesvolle ouerskap na ’n onbegonne taak lyk. Dié ouers reageer deur na kennis en ondersteuning te soek, ten spyte van verskeie beskikbare ouerbegeleidingsprogramme en literatuur oor die onderwerp van ouerskap. Aangesien bestaande programme nie op ’n spesifieke kleuterfase fokus nie, kan ’n program ontwerp word wat op ’n sistematiese wyse daarop fokus om aan ouers kennis en inligting oor hulle kinders se ontwikkelingsfases te bied. Die kweek van ’n kreatiewe ingesteldheid en ouerskapstyl wat pas by die lewensfase waarin die kind verkeer, tesame met praktiese wenke en idees wat betrekking het op praktiese aspekte van ouerskap, sal deel uitmaak van so ’n proaktiewe begeleidingsprogram.

So ’n program moet op ’n proaktiewe manier aan ouers gebied word. ’n Benaderingswyse soos hierdie impliseer dat ouers hulself toerus met kennis aangaande dit wat vir hulle voorlê in elke spesifieke fase (bv. die kleuterfase) nog voordat hulle ’n wesenlike probleem ervaar het. Hierdie voorafkennis kan die ouer in staat stel om al die aspekte van ouerskap sinvol en kreatief te hanteer.

Dit blyk verder ’n gegewe te wees dat die ouerbegeleidingsprogram vir die deelnemers aan hierdie ondersoek ’n Bybelgefundeerde grondslag behoort te hê. Dié ouers wou kennis hê oor dit wat Bybelse waarhede impliseer asook hoe om binne die huidige wêreldomstandighede hierdie waardes en norme effektief aan hulle kinders oor te dra. Hierdie bevinding dui daarop dat ouerbegeleidingsprogramme nie die kwessie van ’n groep se werklikheidsvisie behoort te ignoreer nie en die perspektief waaruit die program ontwerp is, eksplisiet moet aantoon.

Dit blyk dat, ten spyte van die feit dat ouerbegeleidingsprogramme beskikbaar is, daar steeds ruimte bestaan vir 'n ouerbegeleidingsprogram wat op die behoeftes van 'n bepaalde groep ouers gerig is.

## Geraadpleegde bronne


BERK, L.E. 1997. Child development. 4th ed. Boston, Mass.: Allyn & Bacon.

CAMPBELL, R. 2000. Relational parenting. Chicago, Ill.: Moody.

DE VOS, A.S. 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. 1994. Die klein kind in fokus. 'n Sielkundig-opvoedkundige perspektief. Pretoria: Acacia.

DINKMEYER, D. & MCKAY, G.D. 1976. The parent's handbook. STEP: Systematic Training for Effective Parenting. Circle Pines, Minn.: American Guidance Service.

DOBSON, J. 2002. Bringing up boys. Vereeniging: Christian Art Publishers.

EZZO, G. 1999. Growing kids God's way: biblical ethics for parenting. Chatsworth, Calif.: Growing Families International.

GORDON, T. 1975. PET: Parent Effectiveness Training. New York, N.Y.: Plume Books.

GROBBELAAR, A. 2003. Riglyne vir 'n proaktiewe begeleidingsprogram vir ouers met kleuters. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)

HERHOLDT, M. 1991. Praat met my: 'n werkboek vir gesinne en groepe. Pretoria: Dibukeng.

KITCHING, A. 2000. Die 4x4-avontuur van ouerskap. Kaapstad: Lux Verbi.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 2003. Menslike ontwikkeling. Kaapstad: Kagiso.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking. Pretoria: Academica.

NEL, L., MARAIS, A. & SIMPSON, N. 2000. *POSPAR:* 'n Postitiewe Ouerskap Program. Stellenbosch: BUVTON.

NEUMAN, M.G. 1998. Helping your kids cope with divorce the sandcastles way. New York: Times Books.

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative data. (*In* De Vos, A.S. Research at grass roots: a primer for the caring professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 334-353.)

POTGIETER, R. 2001. RP – model in algemene kinderassessering. Pretoria: RP-Opleidingsinstituut.

PRETORIUS, J.W.M. & LE ROUX, J. 1998. Sosiopedagogiek 2000. Pretoria: Van Schaik.

RICHARDSON, W.J. 2000. Loving obedience. Chicago: Northfield.

SELL, C.M. 1995. Family ministry. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

SMITH, R. 1990. Speel met jou kind. Kaapstad: Human & Rousseau.

TRENT, J. 2000. Geestelike groei van kinders. Vereeniging: Christelike Uitgewers.

**Kernbegrippe:**

begeleidingsprogram vir ouers
kennis en leerbehoeftes: ouers met kleuters
kleuters: ontwikkelingsfases
ouerskap: proaktiewe benadering

**Key concepts:**

knowledge and learning needs: parents with toddlers
parent guidance programme
parenthood: proactive approach
toddlers: phases of development